# Vraag en Antwoord

**V1: Wat is die verskil tussen die Grondslagfase- en Intermediêre Fase-programme?**

A1: Na voltooiing, laat die Grondslagfase-program jou toe om graad R-3 te onderrig, terwyl die Intermediêre Fase jou in staat stel om graad 4-6 te onderrig.

**V2: Is daar enige beursgeleenthede vir voorgraadse studente?**

A2: Ja. Voorgraadse en NOS-studente kan aansoek doen vir NSFAS en die Funza Lushaka Beurs.

**V3: Kan die NOS deeltyds voltooi word?**

A3: Ongelukkig nie. Ons Universiteit bied slegs 'n voltydse program aan.

**V4: Kies ek self die skool waar ek my prakties doen?**

A4: Van jaar 1-3 kies studente self die skool waar hulle observasie doen en proef. In die vierde jaar word die skole deur die Universiteit aan studente toegeken.

**V5: Waar kan ek die onderskeie programme se klasroosters sien?**

A5: Klasroosters word beskikbaar gestel aan geregistreerde studente. Vir meer inligting kontak gerus die programkoördineerder.

**V6: Is daar 'n NOS-program vir die Grondslagfase?**

A6: Nee, net vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO).

**V7: Kan ek van programme verander (tussen GF en IF)?**

A7: Ja, maar net indien daar plek beskikbaar is. Sulke veranderinge mag eers na die eerste jaar van studie plaasvind.

**V8: Hoe vind keuring plaas?**

A8: Die keuringskriteria word toegepas en studente word op meriete gekeur.

**V9: Kan my foon aan die Universiteit se Wi-Fi gekoppel word?**

A9: Ja, elke student kan vyf apparate aan die Wi-Fi koppel.

**V10: Is daar rekenaars en drukkers vir die BEd-studente beskikbaar?**

A10: Ja. Die Fakulteit Opvoedkunde se rekenaargebruikersarea, EduHUMARGA, is op die eerste vloer van die fakulteitsgebou. In die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou is HUMARGA, 'n groter rekenaargebruikersarea wat ook vir Opvoedkunde studente beskikbaar is. Die groot US biblioteek (J.S. Gericke), sowel as die Opvoedkunde biblioteek het ook rekenaars en drukkers beskikbaar.